PRE PRIMÊRE SKOOL SENEKAL
BELEID OOR UITSTAPPIES

1. UITSTAPPIES

- Uitstappies word kwartaalliks gereël.
- Uitstappies is nie verpligtend nie – dit het egter baie opvoedkundige waarde indien die kleuters die geleentheid gegun word om saam met die maats en die personeel van die kleuterskool die geleenthede mee te maak.
- Uitstappies vind normaalweg gedurende skoolure plaas. Dit word as onderrigtyd gesien.
- Dit ondersteun die skool se opvoedkundige doel van uitstappies wanneer ouers ook hul kleuters aan gesinsuitstappies blootstel.

2. DOEL VAN UITSTAPPIES IS:

- om die kleuter vir 'n kort tydperk uit sy bekende opvoedkundige omgewing weg te neem om daarbuite ook die "klaskamer" te ervaar;
- om die kleuter se vertrouensverhouding met sy juffrou te versterk om sy selfvertroue, weg van ouers af, te versterk;
- om ervarings aan die kleuter te bied sonder sy ouers – sodat hy later die ervarings en belewenis met sy ouers kan deel; sodoende word die opvoedkundige waarde van "om oor te vertel" verbeter;
- om die kleuters se sosiaal aanvaarbare gedrag in die openbaar te bevorder;
- asook die kleuter te help om homself beter te leer ken en te sien waartoe hy in staat is sonder die teenwoordigheid van sy ouers.

3. DIE UITSTAPPIES IS BEDOEL VIR KLEUTERS

- Slegs die kleuters van die Middelgroep en van Graad R en die betrokke personeel.
- Instappies word vir die jongergroep gereël, maar kan ook die ander twee groepe insluit.

4. OUERS

- Ouers moet per toestemmingbrief toestemming verleen indien die kleuter 'n uitstappie mag meemaak.
- Dit het dus meer opvoedkundige waarde wanneer kleuters op hul eie saam met die skool op uitstappies gaan.
- Hulp van die ouers kan wel gebruik word, indien daar 'n tekort aan vervoer is, óf indien die uitstappie vereis dat meer volwasse persone teenwoordig moet wees vir toesig.

5. INSTAPPIES

- Dit word ook kwartaalliks gereël.
- Dit is 'n geleentheid waar die buitewêreld na ons skool toe gebring word, bv. wanneer ons met persone of instansies reël om 'n spesifieke aktiwiteit, gewoonlik temaverwant, te kom demonstreer soos die ambulans, die polisie, vertonings, ens.
- Die Juniorgroep wat nie op Uitstappies gaan nie (behalwe wat hier naby is soos die Kerkuitstappie) geniet die **Instappies** hier by die skool.

- Dit geskied ook gedurende skooltyd.
- Die kleuters moet ook 'n spesiale kospakkie skool toe bring.

GOEDGEKEUR:

Geteken te _____ op hierdie _____dag van _____ 20_____

Beheerraad: _____

_____

_____

_____

Personeel: _____

_____

Skoolhoof: _____

Datum: _____